BYBELVASVRA
Postnet
El Ridge Corner
Boksburg
1459
E-pos: rrbybelvasvra@gmail.com
(Dr. Hennie Schmidt: 0846036037)

BYBELVASVRA: AFRIGTINGSRIGLYNE VIR AFRIGTERS

Die volgende metode van afrigting word aanbeveel:

TERUGLEESFASE

Die eerste drie tot vier weke word daar net teruggelees. Die leerwerk word soos *'papegaaie'* gedoen.

Versprei die leerwerk om dit ten minste twee keer deur te lees. Stel 'n rooster op wat inpas met al die leerders se aktiwiteite. Ongeveer 'n uur tot 90 minute per dag. Die leerders sal ook beter kan konsentreer as daar volgens 'n rooster gewerk word. Uiteindelik sal al die ure wat spandeer word vrugte afwerp.

Maak **fotostate** van die Skrifgedeeltes en gee vir elke leerder een om vanaf te leer.

Neem een afskrif en "tippex" die woorde uit (net soos vir Versbou). Maak fotostate en gee vir elke leerder een om van terug te lees.

Die leerders kan dit later ook vir mekaar teruglees as die afrigter nie by kan wees nie. Dit help die afrigter om te kan vasstel waarmee die leerders sukkel.

Die terugleesmetode maak die leerders sg. "word perfect". Dit help hulle veral by **Pasmaats** en **Versbou.**

TOETSINGFASE

Vanaf die vierde tot vyfde week begin die leerders om toetse te skryf. Daar word nog steeds elke dag volgens 'n rooster teruggelees, bv. twee hoofstukke per dag, totdat al die leerwerk een keer gedoen is. Daarna maak u die hoofstukke elke keer meer totdat al die werk ongeveel ses keer met die leerders deurgegaan is. Dan behoort hulle amper die werk uit hulle kop te kan herhaal!

Stel genoeg **vrae met antwoorde vir al die afdelings op.** Daar kan baie verskillende vrae uit die Skrifgedeeltes opgestel word. Stel die vrae in dieselfde formaat as die kompetisie se vraestel op. Laat die leerders dan hierdie **toetse** skryf, en gebruik dieselfde tydsbeperkings. Soos wat die tyd vorder, gaan hulle al vinniger kan werk.

Sien die die toetse na en gee **terugvoer** aan die leerders. So kan gesien word waarmee hulle sukkel en die afrigter kan spesifiek daarop fokus om dit reg te stel.

Nader aan die kompetisie kan die leerders een of twee vraestelle (net soos dié van die kompetisie) skryf, met dieselfde tydsbeperkings. Dit maak hulle gewoond aan "kompetisietoestande".

ALGEMENE WENKE

Ons het gevind dat dit beter is om Maandae tot Vrydae na skool (en nader aan kompetisie selfs voor skool), volgens 'n rooster met die leerders te werk, sodat al vier spanlede saam kan werk. Dit bou spangees en kweek dissipline.

Naweke leer die leerders tuis onder hulle eie omstandighede. Dit hou hulle ook gemotiveerd.

Stel genoeg vrae met antwoorde op vir alle afdelings. Die hoeveelheid leerwerk leen hom tot genoeg verskillende vrae. Stel die vrae net soos in die kompetisieformaat op, en laat die leerders dit ook skryf met dieselfde tydsbeperkings.

Herhaling, herhaling, herhaling. So sink die werk in en raak dit makliker vir die leerders by die Pasmaats- en Versbou-afdelings waar die teksvers gegee moet word.

Maak **opsommings** van belangrike woorde , plekke, konsepte ens .

Laat die leerders **die name van Bybelboeke** uit hulle koppe leer. Dit help hulle met die Snelsoekafdeling.

Nader aan die kompetisie kan die volume en intensiteit van leer verhoog word. Moenie bekommerd wees as die leerders dit nie kan hanteer nie.

As die leerders 'n volle vraestel skryf, laat hulle net die toegelate tyd toe.

By die **Pasmaats,** kies ekstra woorde wat baie naby aan die korrekte woord is. Onthou egter dat party pasmaats met meer as een in die betrokke Pasmaatvraestel kan pas, asook in meer as een vers kan voorkom. Dit maak die leerders meer oplettend.

Laastens: Hierdie riglyne het vir ons gewerk, maar elke afrigter kan nog steeds sy/haar eie stempel afdruk. Sukses hang af van hoe goed die leerders hulle werk ken en volg eers na 'n tydperk.

Sterkte met die voorbereiding!

Met agting en vriendelike Rapportryergroete,

Dr. Hennie Schmidt
Organiseerder